ISSN 1015-8757

JAARGANG 13 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
JUNIE • JUNE
1993

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
THE UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

INHOUD • CONTENTS

**Navorsingsartikels**

Hoe lyk die wêreld waarin die kerk en sy lidmate hulle bevind? - 'n Sosiologiese blik — *D.C. Groenewald* — 1

'Laat u wil geskied': Teologies-filosofiese perspektiewe op die wil van God — *L.O.K. Lategan en P.C. Potgieter* — 17

Vyf gladde [slinger]klippe (OAV) óf [slinger]klippies (NAV) in 1Sam 17:40B? — *G.E. Olivier* — 29

Bible and mythology: A different view — *W.J. Ouweneel* — 31

Psigiese volwassenheid: 'n Sielkundige perspektief — *G.W. Roux en A Weyers* — 50

**Teologiese Forum**

Die toekoms van die hawesending — *P.D. Strauss* — 68

Wat van die heidene? — *P.R. van Heerden* — 73

**Kerugmaties**

Het u ons heeltemal verwerp? Gedagtes in verband met die prediking uit die boek Klaagliedere — *R.M. Britz* — 85

Johannes 8:31-59 — *D.G. Jordaan* — 94

**Boekresensies** — 106

# acta THEOLOGICA

JAARGANG 13 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
JUNIE • JUNE
1993

- Die eksklusiwiteit van die heil wat in Christus teenwoordig, is hoef nie deur die redding van heidene, wat nog nooit die Evangelieboodskap gehoor het nie, bedreig te word nie.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE


BAVINCK H.
1976. *Gereformeerde Dogmatiek.* Derde Deel. Kampen : J H Kok.
BERKOUWER G.C.
1973. *General Revelation.* Kampen: J H Kok.
BOSCH D.J.
1979. *Heil vir die wêreld.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, Transvaal.
DURAND J.J.F.
1976. Die *lewende God.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
DURAND J.J.F.
1982. *Skepping, mens, voorsienigheid.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Tvl.
DU TOIT A.B.
1984. *Die Room van Romeine.* Wellington: Bybelkor.
GRÄBE D.J.
1990. *Dynamis in the sense of power in the main Pauline letters.* D.D.- dissertation. U.P.
HEYNS J.A.
1978. *Dogmatiek.* Pretoria: N.G. Kerk-boekhandel Transvaal.
HEYNS J.A.
1982. *Teologiese etiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
JONKER W.D.
1966. *Die brief aan die Romeine.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
JONDER W.D.
1977. *Christus, die Middelaar.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
JONDER W.D.
1981. *Die Gees van Christus.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
JONKER W.D.
1989. *Uit Vrye guns alleen.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
KÖNIG A.
1973. *Ek is wat Ek is.* 2de uitg. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
KRUGER M.A.
1984. *Openbaring, geloof geregtigheid.* D.D. Proefskrif. U.P.
OOSTHUIZEN G.C.
1977. *Godsdienste van die wêreld.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
POTGIETER P.C.
1982. *Analogie en Openbaring.* Skrif en Kerk 3(2) : 48-53.
VAN HEERDEN P.R.
1990. *Die sinduidende aspek van 'n pastorale bediening aan 'n boerderygemeenskap gedurende 'n rampsituasie.* D.Th. proefskrif. U.O.V.S.
WEBER O.
1981. *Foundations of Dogmatics.* Vol. 1. Grand Rapids: William B Eerdmans.






# HET U ONS HEELTEMAL VERWERP? GEDAGTES IN VERBAND MET DIE PREDIKING UIT DIE BOEK KLAAGLIEDERE

R.M. BRITZ[1]

## 1. INLEIDING

Elke jaar, op die 9de van die maand Ab (d.w.s. gedurende Augustus), word ter herinnering aan die verwoesting van die tempel en Jerusalem (70 n.C.) in die Joodse Sinagoges die boek Klaagliedere voorgelees. Daarmee word dit ingeskakel by die jaarlikse fees-siklus waartydens uit die sogenaamde feesrolle gelees word. So word op Paasfees Hooglied gelees, Rut by Pinkster, Ester by Purim en Prediker by die Loofhuttefees. Dienooreenkomstig is Klaagliedere in die Hebreeuse Bybel onder die vyf feesrolle (of die Megillot) gerangskik. In die Rooms-Katolieke tradisie het Klaagliedere eweneens 'n plek in die liturgiese jaar-siklus bekom. Jaar vir jaar word hierdie liedere in die dae voorafgaande aan die herdenking van die kruisiging en sterwe van Christus gelees. Hiervoor word Johannes 2:19 as 'n brug gebruik om Klaagliedere en die lyding van Christus op mekaar te betrek. In daardie teks kondig Jesus immers self aan: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig." Op hierdie wyse maak Klaagliedere deel uit van die hoogtepunt van die kerklike jaar en is assodanig ingewortel as 'n onmisbare deel van die kerk se lewe.

Hierteenoor het hierdie boeiende boek in die gereformeerde tradisie egter op die agtergrond geraak. Ten minste in die sin dat dit nie in 'n liturgiese kringloop betrek is nie. Daarby word nie dikwels daaruit gepreek nie. Al is dit effe versteek tussen die groot profete Jeremia en Esegiël, kan die kudde van die Here tog nie daarsonder lewe nie. Die onderhawige gedagtes oor die prediking uit Klaagliedere is bedoel om prediker én pastor te inspireer om die boek in die gemeente te lees en te bedien. Dit kom egter nie in die vorm van homiletiese riglyne of 'n preekskets nie. Dit wil slegs gereedskap voorsien wat in diens van die persoonlike eksegese gebruik kan word. Dit is veel eerder 'n omlysting wat moet help met die ontleding en uitleg van hierdie liedere. Daarom word daar aandag gegee aan die lewenskonteks waarin dit ontstaan het, 'n opmerking of twee gemaak oor die outeurskap, die inhoud en samestelling van die boek waarna 'n breë oorsig volg van die wyse waarop dit deur teoloë verstaan word. Hierna kom, ten slotte, 'n

1 Dr. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

handjievol oorwegings aan die orde waaraan 'n mens nie kan verbygaan as dit kom by die bediening van hierdie liedere in die erediens, op huisbesoek en by die gebede nie.

## 2. DIE LEWENSKONTEKS EN TYD VAN ONTSTAAN

Die Septuaginta (LXX) begin die boek Klaagliedere as volg: "Klaagliedere van Jeremia. Dit het só gebeur: Ná die gevangeneming van Israel en die verwoesting van Jerusalem, het Jeremia gaan sit en huil. En hy het hierdie klaaglied gekla oor Jerusalem en gesê: ..." Hoewel die Jeremiaanse outeurskap gedurende die 19de eeu bevraagteken is, staan dit vas dat die lewenskonteks en tyd van ontstaan van hierdie boek histories teruggevoer moet word tot die tydperk 600-580 v.C. in die geskiedenis van Israel. (Wie meer hiervan wil weet, kan gerus die ter saaklike gedeelte in *A history of Israel* van John Bright raadpleeg.[2] Die bekende *Handboek Bybelse geskiedenis. Die Ou Testament* van J.H. Kroeze gee ook 'n goeie oorsig hiervan.[3]) In 597 het Nebukadnesar Juda sy koning ontneem en vir Jojagin weggevoer in ballinskap. (2 Kon. 24: 8-16; Sien verder 2 Kon. 24:18-25:29; 2 Kron. 36:9-21 en Jer. 52:1-11.) En, 'n skrale elf jaar later, om die saak nog erger te maak, is Jerusalem en die tempel totaal verwoes. Tóé is die stad swaar gestraf en in die mag van die koning van Babel oorgegee. (Jer. 21:10, vgl. verder Jer. 26: 4-6, 37:6-10). So het in vervulling gegaan wat onder andere in Jeremia 7:1-15 voorgesê is. Terloops, vir die eksegeet is die teksgedeeltes wat op hierdie diepgrypende gebeure in die geskiedenis van die verbondsvolk betrekking het (hier is slegs enkeles aangestip) van deurslaggewende belang. Daarin lê die Skriftuurlike verband van hierdie liedere opgesluit.

In hierdie situasie dus, is Klaagliedere gemunt. Toe van Jerusalem as 'n teologiese en historiese middelpunt niks oorgebly het nie. Toe die kultiese en liturgiese stukture wat ten dienste van die verbond en sy bediening bestaan het, in die mees omvattende sin vernietig is. Tóé, in daardie oomblik, is hierdie liedere die agtergeblewenes in die hand gegee. Toe hulle weer 'n keer besef het wie God werklik is. In hulle verslaenheid en smart het Hy hulle daartoe gebring. Daarom is die situasie nòg objektief beskrywe, nòg subjektief ontleed. Te midde daarvan kom die ootmoedige en eksistensiële verlaat op God stamelend onder woorde.

---

2 Vgl. Bright J. *A history of Israel.* London, 1974², 309 ev.
3 Vgl. Kroeze J.H. *Handboek Bybelse geskiedenis. Die Ou Testament.* Kaapstad, 1971³, 479 ev.





## 3. HET JEREMIA KLAAGLIEDERE GESKRYF?

Uit die aanhaling uit die Septuaginta hierbo blyk reeds dat Jeremia van oudsher in beide die Joodse en christelike tradisie as die outeur van Klaagliedere beskou is. Dit is dan ook die rede waarom die boek byvoorbeeld in die Vulgaat, die King James Version (1611), die State Vertaling (1637) en die Afrikaanse Vertalings (1933 en 1983) by die profetiese gedeeltes van die Ou Testament gerangskik is. Hoofsaaklik omdat die naam Jeremia in die Hebreeuse teks ontbreek, is sy outeurskap al gedurende die vorige eeu bevraagteken. Word die verskillende sienings en argumente deurgekyk, kom 'n mens in die navorsing oor die saak opinies teë wat wissel van ('n) radakteur(s), 'n span digters uit die tyd van die ballingskap, of 'n onbekende outeur. Vakkundig is daar egter nie uitsluitsel nie. Met al die gegewens voor hande (die datering sowel as die taal, styl en uitdrukkingswyse van die boek), kan daar selfs 'n goeie saak voor uitgemaak word dat Jeremia wel hiervoor verantwoordelik was. Bowendien, as 'n mens in 'n konfessionele sin daaraan vashou om hierdie liedere terug te voer na die inspirasie van die Gees van God, is die kwessie van outeurskap sekerlik nie van soveel belang nie.

## 4. STRUKTUUR EN SAMESTELLING VAN DIE BOEK

Die boek bestaan ooglopend uit vyf liedere, wat saamval met die hoofstukindelings. Kenmerkend van elke lied is allereers die akrostiese struktuur. Dit beteken dat elke versreël met die volgende letter van die (Hebreeuse) alfabet begin. Elke lied bestaan dus uit 22 verse. Die derde lied het stenggenome 66 verse, maar is só gerangskik dat elk van die letters telkens verbind word aan drie verse. Die vyfde lied weer, maak nie van die letters van die alfabet gebruik nie, maar is met sy 22 verse geknip op die patroon van die res van die liedere.

Vir die eksegese en prediking uit hierdie unieke liedere, is die saak te opvallend om te ignoreer. Dit dra by tot die verstaan en betekenis van die boek.

- Dit is allereers uitdrukking van volkomenheid - van volkome skulderkenning, droefheid, berou en verslaenheid. Van A tot Z by wyse van spreke.
- Hierbenewens dui dit daarop dat dit om 'n saak gaan wat deeglik oorweeg is. Hoewel dit te diep lê om elke keer uitgesproke onder woorde te bring loop die liedere nie uit in 'n opeenstapeling van gedagtetjies nie. Dit is verwoording van werklik nood en ootmoedige omgang met die Here van die leërskare.
- Hiermee saam reflekteer die akrostiese struktuur ook 'n grens of perke. Dit sit nie om in onbeteuelde rou- en weeklag soos dit so dikwels by die begrafnisse en geleenthede gebeur het waar professionele klaers voorgegaan het nie. Daarvoor is die werklikheid van eie sonde en die

heiligheid van God te groot. Die perke moet die saak waarom dit gaan, nl. dat God God is en bly, dien.

- Dit het sekerlik ook ten doel om in 'n kategeties-didaktiese sin te help met die memorisering van die liedere. Daarmee word dit by die nageslag ingeskerp. Dit mag nie vergeet word nie.

Die tweede saak wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die tipiese ritmiese vorm waarin hierdie klaagliedere gegiet is. Vakkundig word daarna verwys as die qina-metrum (3-2; 3-2). Vir die eksegese moet 'n mens gevolglik op die uitkyk wees vir parallelismes, chiasmes en die afwykings hier en daar. Die derde lied se metriese patroon is byvoorbeeld 3-3, wat 'n aanduiding is van die belang van daardie lied. Op hierdie wyse dra die taalstruktuur en tempo by tot die boodskap van die teks. Net soos die alfabetiese patroon, verraai dit die dissipline waarmee daaraan beslag gegee is. Dit is geweeg, en betroubaar gevind. Net soos by die akrostikon het dit ook die funksie om die leser daarby te betrek en te laat deel in die eiesoortige en stadige ritme. Op hierdie wyse vorm die metrum die weg waarlangs die liedere by die leser inhak.

Met behulp van die moderne taal-analitiese metodes maak eksegete veel meer van die struktuur van die boek met sy liedere. Interessant is die klem wat J.J. Burden[4] op die konsentriese struktuur van elke lied, en die boek in sy geheel, plaas. In 'n skema kom hy tot die volgende oorsig:

A Klag: Klag van Sion en gerigsdoksologie (lied 1).
B Verslag: Gerigstoorn van Jahwe en hopeloosheid van Sion (lied 2).

C Onderrig: Die hoopvolle houding van die enkeling in die tyd van gerig (lied 3).

B Verslag: Gerigstoorn van Jahwe en hoop vir Sion (lied 4).
A Klag: Klag van die volk en vertwyfelingsvrae aan Jahwe (lied 5).

Dit is tog 'n vraag of 'n mens nie jou hand kan oorspeel met die blootlegging van taalstrukture in die teks nie. In sy boekie Gods Woord in mensetaal[5] *Deel III, - wat geredelik beskikbaar en toeganklik is - het Eybers minder hiervan gemaak en tog 'n bruikbare weg ingeslaan deur die eerste reël van elke lied gewoon as uitgangspunt te neem.:*

- 1:1-22: "Ag, hoe verlate lê die stad wat vol mense was!" (1933 Vertaling: "Hoe verlate sit die stad wat vol mense was".)
- 2:1-22: "Ag, hoe het die Here in sy toorn die donker laat toesak oor Sion!" (1933 Vertaling: "Hoe het die Here in sy toorn die dogter van Sion met wolke oordek.")
- 3:1-66: "Ek is die man wat ellende belewe het." (1933 Vertaling: "Ek is die man wat ellende gesien het.")
- 4:1-22: "Ag, hoe dof het die goud geword." (1933 Vertaling: "Hoe is die goud verdonker.")
- 5:1-22: "Slaan tog ag op wat oor ons gekom het, Here." (1933 Vertaling: "Dink Here, aan wat oor ons gekom het.")

4 Vgl. Burden J.J. Klaagliedere in Burden, J.J. en Prinsloo, W.S., (reds.): Tweegesprek met God. Kaapstad 1987, 150 ev.

5 Sien Eybers I.H. Gods Woord in mensetaal. Deel III. Durban 1978, 138 ev.





Uit wat tot dusver gesê is, behoort die eksegeet nou nie net 'n helder beeld te hê van die stuktuur en samestelling van die boek nie, maar ook van die moontlikhede wat dit herberg vir die prediking en gebruik op huisbesoek. In die volgende paragraaf word die breë lyne waarlangs hierdie boek verstaan word, oorsigtelik nageloop. 'n Goeie begrip hiervan sal verder bydra tot die verantwoording van die eksegese en uiteindelik die byeenbring van die preek.

## 5. VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE BOEK

In die literatuur oor Klaagliedere word die betekenis en uitleg daarvan min of meer in 'n heilshistoriese óf teologiese sin opgespoor. Laasgenoemde is 'n nuwer ontwikkeling in die wetenskap van die Ou Testament, terwyl eersgenoemde die tradisionele benadering verteenwoordig.

Wat die teologiese uitleg van Klaagliedere betref, moet voorhande opgemerk word dat dit as deel van 'n omvattende hermeneutiek by 'n breë (teologiese) verstaan van die Ou Testament as geheel inskakel. Die reeds vermelde aantekeninge oor Klaagliedere van J.J. Burden[6] is 'n insiggewende voorbeeld van hierdie samehang, én hoedat 'n teologiese uitleg van hierdie liedere 'n toepaslik boodskap vir die eie tyd oorbring. Hy onderskei drie teologiese invloede wat hulle in die samestelling van Klaagliedere laat geld het. Die outeurs van hierdie liedere - hy aanvaar dat hulle psalmiste uit die tempeldiens was wat die ramp oorleef het - is eerstens deur die (triomf-)teologie van die Sionspsalms (bv. Pss. 48, 87) beïnvloed. 'n Tweede teologiese invloed kom uit die sogenaamde Skrifprofete - Jeremia, Esegiël, Nahum, Sefanja en Habakuk. In 'n geringer mate het hulle ook met die Deutronomistiese beweging en teologie in verhouding gestaan. Teen die agtergrond van hierdie "teologiese" verwysingsraam is die digters van Klaagliedere gekonfronteer met die ineenstorting van die Sionsteologie. Die drie pilare waarop dit gerus het - die teenwoordigheid van Jahwe, die tempeldiens en die dinastie - lê aan skerwe. Die heilsverwagting van hierdie teologie is, so dui hy aan, daarmee omvergewerp. Dit alles dring aan op 'n verklaring en die soeke na 'n haalbare antwoord. In hierdie omstandighede formuleer die digters dan 'n nuwe teologie. 'n Teologie wat nie net die waarom vrae in terme van die

6 *a.w.*, 163 ev.

teodisee probeer oplos nie, maar veral die aksent op die hoop plaas. Daarom beluister 'n mens in hierdie liedere die eerste onsekere treetjies van 'n teologie van hoop. (Vgl. 3:25-29.) Deutero-Jesaja - volgens Burden die profeet onder die ballinge - het dit verder uitgebou en 'n teologie van lyding geskep.

Toegepas in ons dag het hierdie liedere dus die boodskap van hoop aan diegene wat die waaromvrae moet vra. Deutero-Jesaja se gedagtes oor die lydende kneg is immers in die Nuwe Testament op Jesus, ons Verlosser, van toepassing gemaak. Tweedens waarsku Klaagliedere teen alle teologieë wat nie die Bybelse tradisies as kontrole gebruik deur die konsekwensies end-uit deur te trek nie. So het die Sionsteologie 'n ideologie geword, wat inmekaargesak het. Daarmee word die moontlikhede vir aktualisering verder oopgestoot. In ons situasie bring die boodskap van Klaagliedere op hierdie wyse byvoorbeeld die apartheids- en bevrydingsteologie - wat beide ideologies begrond is - krities aan die man.

Onteenseglik bied so 'n teologiese ontsluiting van die boek Klaagliedere interessante perspektiewe vir die prediking. Tog moet 'n mens versigtig wees om die Skrif aan die hand van soveel teologieë deur te meet. Die vraag is of hierdie hermeneutiese vooronderstelling werklik opgaan? Die Skrif is immers, - om mee te begin - Openbaring en nie teologie nie. Dit is 'n relatiewe aangeleentheid. Bestaan die gevaar nie dat eietydse teologiese insigte in die Skrif ingelees of geprojekteer word nie? Om die Skrif in 'n aantal teologieë te rekonstrueer is verder 'n onderneming wat hom op die lewe van die gemeente kan wreek. Immers, as die historiese kritiek die Bybel versnipper het, moet daar in hierdie sin ook sprake van 'n teologiese versnippering wees wat die omvattende sintese van die Skrif beskadig. Bowendien, as die een teologie kom en die ander gaan, watter het nog werklik gesag vir die gemeente van Christus? En, wie kan dan nog as "leek" die Skrif lees en verstaan sonder die hoogs wetenskaplike kennis van die teologiese herkonstruksie daarvan? Met hierdie vrae en opmerkings is die bedenklike kant van die teologiese uitleg van die boek Klaagliedere uitgewys.

Bied die tradisionele opvatting 'n meer verantwoorde uitleg van die boek? Breedweg word dit gekenmerk deur 'n soeke om die liedere heilshistories in 'n betrekking en verband met Christus uit te lê. Sodoende word dit vir die kerk en die bediening van die evangelie gekonkretiseer. Dikwels word hierdie verband in 'n direkte lyn tipologies en/of eksemplaries omgewerk. Soms word dit sinnebeeldig opgeneem van die indruk wat die lyding van Jesus op die kerk behoort te maak as tekenend van sy smart oor Christus se sterwe. Uiteraard het 'n mens met hierdie soort verstaan van die boek met 'n ewe bedenklike uitleg te make. Dit is geforseerd en verlei die prediker om in die boek te ontdek wat daar nie staan nie. Gewoonlik skep dit opsigselfstaande preke met hoogstens verwysing na die boek, of 'n seleksie van toepaslike tekste. Met groot stelligheid, en om die voor-die-hand-liggende redes, moet hierdie begrip van die Klaagliedere ook afgewys word.





Tog het die heilshistoriese ontsluiting van die boek hiernaas 'n ander kant wat vrugbaar vir die eksegese en prediking benut kan word. Dit vind plaas wanneer eksegeties erns gemaak word met die historiese konteks van die liedere en hoedat dit in 'n heilshistoriese sin in verband met die Nuwe Testament (en natuurlik met die res van die Skrif) staan. In sy boekie - waarna reeds hierbo verwys is - bring Eybers 'n goeie weergawe hiervan onder woorde.[7] Vir hom is dit belangrik om in te sien dat in 'n situasie van onvergelyklike vertwyfeling en verlatenheid Klaagliedere deur die boodskap gedra word dat die volk nie hulle geloof aan die Here en sy mag moet verloor nie, maar dat hulle hulle juis tot Hom moet toekeer. Immers, Hy was nie magteloos of werkloos in die gebeure nie, maar inteendeel, as die Almagtige daarin werksaam. Die liedere is gevolglik uitdrukking van die wyse waarop die volk hulle gebuig het onder die oordeel van die Here. Dit word gedra deur die wete dat die regverdige God op sy tyd en op 'n bepaalde manier ingegryp het in die geskiedenis van die volk. In die ruïnes van Jerusalem lê Sy regverdige oordeel opgestapel. (Vgl. 2:1-9, 20-22; 3:1-18; 4:6-11).

Daarom kan Klaagliedere eksistensieel oor die ervaring van die werklikheid praat. Geen verdoeseling of verkleinering daarvan is nodig nie. Elke lied kan ewe hard oor God se hand in die gebeure praat. God is nie deur die katestrofe uitgeskakel nie. Hy was die Een wat dit beskik het. Hy het alles ontneem waarop vroeër vertrou is (4:17,20; 5:16-18). Die soewereiniteit, vrymag en geregtigheid van God oor vyand en oor volk stel alle ongeregtigheid en sonde aan die kaak. Niemand word ontsien nie. Daarom skep dit so 'n diepe skuldbesef by die verbondsvolk. Daarom is die Klaaglied 'n lied van erkenning en selfaanklag. Daarby is daar nie 'n sweempie van skynberou waarmee die Here God 'n rat voor die oë gedraai word, te bespeur nie. Die berou-klag kom uit die hart en loop langs die weg van skuldbelydenis tot ware bekering (3:40-42, 5:21, 2:18-19). Daarom gaan dit nie om 'n situasie van wanhoop nie. God is steeds daarby. Sy teenwoordigheid is nie opgesluit tussen die mure van die tempel nie, maar dit lê vas in die verbond (vgl. 3:19-39).

Omdat die gerig van God kom, kan daar ook in die gerig na hom gevlug word. Hoe erg die toorn van die Here is teen die een wat sondebelaai is, word gesien op Golgota waar Hy Jesus verlaat het (Gal. 3:13, Mark. 15:34). So bly die vraag van 5:22 tog hang oor Jerusalem en die volk totdat die Nuwe Testament die finale antwoord bring toe Jesus Christus die volle las van God se toorn op Hom geneem het (Gal. 3:13, Rom. 5:8-11; 1 Thess. 5:9). So word teenoor die moontlikheid van verwerping wat 5:22 noem, bekering, vergifnis van sonde en aanneming tot kind vir almal moontlik deur Christus (Luk. 24:46-47, Gal. 4:4-5). En, so word Klaagliedere by uitstek 'n profetiese boodskap van hulp en sielesorg aan diegene wat deur lyding in 'n geloofskrisis

7 Vgl. *a.w.*, 142 ev.

beland het - en dit van iemand wat saam daardie lyding deurgemaak het.

Teen hierdie agtergrond kan Calvyn se opmerkings in sy kommentaar oor Klaagliedere ook begryp word. Daarin sê hy onder meer dat wanneer dit in die tyd skeef loop en dit lyk asof God sy kerk verlaat het, dan bly die profesie (van Jeremia) steeds in sy eie krag staan. Dan kom God na vore om met sy hand die wat in wanhoop toegemessel is, aan te raak. Hoewel die hele kerk toe, in daardie omstandighede, merk hy op, nie net in grootse wanorde verval het nie, maar ook verlaag is tot omtrent niks, kon Jeremia hiervolgens tog weer 'n soort van gebou uit die ruïnes konstrueer. Na aanleiding van hierdie Godshandeling het Spurgeon in 'n preek uit Klaagliedere aangrypend uitgeroep: "I point you to the cross and the Man of Sorrows there".

Met so 'n heilshistoriese uitleg en oorbring van die liedere na ons eie tyd en konteks, land 'n mens tog in 'n ander milieu en omgewing as met 'n teologiese ontknoping. Dit bied 'n enkadering wat die eksegese en prediking steun, begelei en aan 'n toepassing help wat werklik in diens kom van die bediening van die Woord in sy omvang as Openbaring. Om dit 'n treetjie verder te voer, word in die laaste paragraaf kortliks stilgestaan by die mees opvallende sake in hierdie boek. Dit moet deur die eksegese verder gevoer en gekontroleer word, voordat dit uiteindelik in die preek self land.

## 6. OF HET U ONS HEELTEMAL VERWERP?

Die grootste werklikheid wat in hierdie vyf liedere aan die orde kom, is nie die verwoeste stad en tempel nie. Al lê die stad verlate, al het die goud verdonker, al word die diepste ellende beleef, gaan dit nie in die eerste plek daarom nie. Dit is nie 'n opeenstapeling van grenslose en onbeteuelde smart nie. Nog is dit bloot 'n aangrypende uitdrukking van lyding en hartseer waarmee met hart en siel vereenselwig kan word.

Die grootste werklikheid in hierdie liedere is die Een om Wie dit alles draai. Dit gaan om God. Wie die liedere goed lees, sal sien hoedat alles daarin telkens maar weer in verband met God gebring word. Met God, soos Hy werklik is. Soewerein, heilig, alomteenwoordig, ewig. En nie soos wat die tradisie en die aanvaarde geloof Hom ingebeeld het nie. In hierdie sin het 'n mens sekerlik nie met 'n klaaglied te make nie, maar, as jou oë eers eenmaal hiervoor oop is, met 'n Godslied. As dit gesing en gelees word, en sy struktuur en ritme help om die mens - soos hy, op sy beurt, werklik is - daarin te laat deel, word dit gedoen in die wete dat God God is. Dat die Vader die Here van die leërskare is. Dan stel dit die gemaklike hand-in-die-broeksak manier van omgang met Hom aan die kaak. Hy word so maklik aan die kant van mense en dinge en kontekste geplaas. Hy word so vinnig en ter wille van die self bygehaal. Hy, en sy genade word so maklik geobjektiveer en vasgevang in 'n teologiese sisteem. Die ontmanteling van die uitgewerkte verbondstruktuur - die priesters, profete, koningshuis, tempeldiens en kultus - verkondig dat





God Hom nie in die stukture wat Hy ten dienste van die die verbond en genade daarstel, laat bind nie. Nog minder wanneer die strukture ewe "godsdienstig" tussen Hom en die volk ingeskuif word. So 'n verplasing of aanvulling duld Hy nie. In die verbond gaan dit om God, en God alleen. Daarom is alle roem uitgesluit. En, alle afleidings ten behoewe van die self of eie saak. So help die Here God sy volk in hierdie boek weer aan Homself.

As Hy Hom weer 'n keer só aan sy volk openbaar, help Hy hulle aan egte verootmoediging en eerbied. As Hy dit doen, gebeur daar weer iets met hulle. In die besef van sy geregtigheid laat God hulle hulle sonde ontdek. Daarom weerklink daar so 'n diepe gevoel van skuld in die boek. Ook dit word nie geobjektiveer nie. Die diepte en omvang daarvan word bely. Dit is die deurtastende en ontstellende weg waarlangs God die mens wie in hierdie liedere deel, bring. Daarom loop dit elke keer weer uit op 'n gebroke en ootmoedige gebed en smeking. Op hierdie verassende manier word die Trooster ontdek, as daar geen trooster is nie. Daarin lê die aangryping van hierdie boek. Dan lees 'n mens die gebeure van Matteus 9:23 met nuwe oë. So ook hoofstuk 11:17, en, Lukas 23:28 en verder. Dan weet jy waarom die boek eindig met die ongekunstelde en blootleggende gebed waarin die eie magteloosheid so aangrypend uitgedruk word: Of het U ons heeltemal verwerp? Dit is 'n roep om Christus Jesus.

## 7. SAMEVATTING

Om saam te vat: Die bostaande gedagtes - wat geensins volledig uitgewerk is nie - wil prediker en pastor bring by 'n aangrypende boek wat in die gemeentes van Christus bedien en verkondig moet word. Eintlik kan ons hierdie liedere nie links laat lê nie, of ons alledaagse christelike lewe daarsonder inrig nie. Toe ons Here Jesus oor die betekenis van sy soendood en opstanding met sy dissipels in Lukas 24:44 gepraat het, het Hy dit aan die vervulling van die wet, die profete én die psalms (die Megillot) verbind. So het Hy self aan Klaagliedere 'n plek in die kanon gegee en moet hierdie liedere in die erediens en op huisbesoek gelees en gebid word.

Totdat Hy op die wolke kom.
En, 'n nuwe Godslied gesing sal word.
Augustus A.D. 1992.